TAFELBERG BYBELSKOOL 2007 Vrymesselary

MODULE 4 – ANDER GODSDIENSTE EN KULTUSSE

Lesing 4 : Vrymesselary in fokus

Lees: Johannes 8: 12, 14:6

Inleiding

Die Vrymesselary gee homself uit as ’n broederlike (slegs mans) liefdadigheidsbeweging wat glad nie inmeng met ’n lid se godsdiens nie, want die oogmerk is slegs selfverbetering en liefdadigheidswerk. Die feite vertel egter ’n ander verhaal. Die VM is ’n totaal geheime beweging wat bestaan uit ’n aantal grade waarin lede opbeweeg met allerlei ede wat gesweer word, geheime tekens en kodes en misterieuse simbole – wat op die ou end uitloop op die aanbidding van Lucifer. Geen lid mag enigiets bekendmaak aan nie-VM of aan lede wat in laer grade is nie. Die verbindingslyne met die okkultistiese satanisme en die Nuwe Wêreldorde is opvallend. Daar is min twyfel dat VM ’n godsdiens is, wat homself sien as die plaasvervanger van alle ander godsdienste.

1. Vrymesselary is ’n godsdiens

VM vereis dat kandidate in die bestaan van ’n “Opperwese” moet glo. Wat sy konsep of begrip van "Opperwese" is, is ongedefinieër. Dus Christen, Jood, Hindoe, Mormoon, Moslem, Satanis kan gevolglik Vrymesselaars word, want almal van hulle glo in die bestaan van ’n Opperwese of Superwese. Vrymesselaars vergader in ’n tempel (Losie) en verrigtinge word met Skriflesing opgedra aan die "Groot Argitek van die Heelal." Vrymesselaars van die hoogste grade soos Mackey en Pike stel dit onomwonde dat VM "’n godsdiens” is. “The religion of Freemasonry is not Christianity” (A Mackey). Dus buig heiden en Christen Vrymesselaar saam voor ’n universiële god— die god van VM. "Masonry, around whose altars the Christian, the Hebrew, the Moslem, the Brahmin can assemble as brethren and unite in prayer to the one God who is above all the Baalim (afgode en vals gode van ander godsdienste—soos deur Pike gedefinieër). (Albert Pike: Morals & Dogma, p.226).

2. Vrymesselary se godsbegrip

Wie is hierdie "Groot Argitek van die Heelal"? Hy is ’n sameflansing van afgode. Mense van uiteenlopende godsdienstige oortuigings roep hierdie "god" in die Losie aan. In die 2de Graad hoor die Vrymesselaar dat die letter "G" (in die middel van passer en winkelhaak) vir God staan. In die 4de Graad (van die Yorkse Rite) hoor die Vrymesselaar dat die geheime naam van God "Jabulon" is. Hierdie is ’n sameflansing van God se Naam in die Ou Testament (Yahweh), die Filistynse afgod (Baäl-"Bul") en ’n Egiptiese afgod (Osiris-"On"). ‘n Grootse openbaring wag op die kandidaat in die 30ste Graad. Hier hoor hy waarvoor die “G” werklik staan: die gemeenskap tussen man en vrou wat versimboliseer word in die passer en

winkelhaak en bo-op die Bybel geplaas word! Vrymesselaars dink dat “God” alle mense se Vader is en hulle verenig as ’n wêreldbroederskap. Dit is onbybels, want God is nie die Vader van alle mense nie. Slegs wie Christus se verlossingswerk vertrou is aangenome kinders van God die Vader. God is dus alleen Vader van die wat in Jesus Christus glo. (Matt 7:14; 22:14; Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16,18,36; 15:16; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:6). Wie Jesus verwerp, verwerp die Vader (1 Joh 2:23a). Nie alle mense is broers van mekaar nie. Op vele plekke word gelowiges gewaarsku om nie broederskap met ongelowiges te hê nie. (2 Kor 6:14-16; 2 Joh 10,11).

3. Vrymesselary verloën Christus

Omdat Jesus die rots is waarteen mense hulle stamp en waaroor hulle struikel (1 Pet 2:8) word Christen-Vrymesselaars verbied om die Naam van Jesus in Losies te gebruik. Daar mag nie deur Hom tot God gebid word nie en dit terwyl Hyself gesê het dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Hom nie. (Joh 14:6). En dat daar geen ander Naam aan die mense gegee is waardeur hulle verlos kan word nie. (Hand 4:12) Daarom dan ook dat Vrymesselary Sy Naam nie noem in hulle rituele wanneer die volgende Bybelverse aangehaal word nie: 1 Pet 2:5; 2 Tess 3:6 & 12. Hy word deur hulle, soos baie ander kultes, maar net as een van die belangrike persone van die verlede gesien en erken: "It (Freemasonry) reverences all the great reformers. It sees in Moses, Confucius and Zoroaster, Jesus of Nazareth, and in the Arabian Iconoclast, great teachers of morality." (Pike, p.525). ’n Verlossingsplan sonder Jesus moes dus bedink word. Vrymesselary glo immers aan ’n ewige lewe in die “Groot hemelse Losie” (Celestial Grand Lodge).

4. Vrymesselary se idee van verlossing

Vrymesselary verwerp God se plan van verlossing deur genade alleen. Vir hulle is werke belangrik—daarom die klem op liefdadigheid en ’n voorbeeldige lewe. Reeds in die 1ste Graad kry die kandidaat ’n voorskoot van skaapvel wat versimboliseer: "purity of life and conduct which is so necessary to obtain admittance into the Celestial Lodge above [heaven], where the Supreme Architect of the Universe presides." (Raymond Lee Allen, Tennessee Craftsmen or Masonic Textbook, 1963, p.17). Verdere versekering kom in die 2de Graad: "The apron of a Mason is intended to remind him of purity of mind and morals.” Vrymesselary hou vol om Skrifte soos Tit 3:5; 1 Joh 5:11,12; Ef 1:8-9; Jer 17:9-10; Jes 64:6; Rom 3:10-12,23 te verwerp. Lede word geleer om hulle daarop toe te spits om op eie krag meriete by God te verdien: "Let all the energies of our souls and the perfection of our minds be employed in attaining the approbation of the Grand Master on high, so that when we come to die…we gain the favor of a speedy entrance to the Grand Lodge on high, where the Grand Architect of the Universe forever resides." (George Simmons & Robert Macoy, Standard Masonic Monitor, 1984, p.125).

5. Vrymesselary en die Bybel

In die VM losie word ’n Bybel sentraal geplaas met die passer & winkelhaak bo-op. Tydens die rituele word talle aanhalings uit die Bybel gemaak. Dit is egter misleiding, want in

werklikheid word die Bybel nie as enigste Woord van God aanvaar nie, maar gelykgestel met ander godsdienstige boeke en funksioneer dit slegs as ’n simbool (meubelstuk) in die losie. Die Bybel mag dalk oop lê in die losie, maar vir die Vrymesselaar sélf, is dit ’n geslote Boek omdat Christus as enigste Waarheid verloën word.

6. Vrymesselary ondermyn die kerk

VM beskou die kerk van Christus as iets van ’n verbygaande aard wat eintlik net vir die oningewydes betekenis het. Ernstige Vrymesselaars wat deur die VM se beskouinge oormeester word, vervreem op die lange duur van die kerk – veral in die hoër grade van VM. Wilhmshurst sê dit is goed vir iemand om in ’n kerk gebore te word, maar aaklig om daar te sterf, want daar moet godsdienstige groei plaasvind. ’n Jongman moet aangespreek word indien hy van die kerk vervreem. ’n Ouer man moet bestraf word indien hy nie vervreem nie. ’n Mens moet die kerk ontgroei en ’n hoër orde van godsdiens ontdek. Aldus Wilhmshurst (The Masonic inisiation, pp 215-220).

7. Vrymesselary se struktuur

Daar kan nie met sekerheid gesê word wanneer VM werklik ontstaan het nie. Algemeen word aanvaar dat dit sy ontstaan uit die klipwerkers ("stonemasons") van die middeleeue gehad het. Hierdie gilde het besef dat hulle hul beroep teen indringers moes beskerm en so het die geslote kring van hierdie kunstenaars sy beslag in 1716 in Engeland gekry. Vrymesselaars vertel dat hulle ontstaan in die bou van die tempel deur Koning Salomo te vinde is. Dit is te betwyfel. Alle Vrymesselaars begin by die Eerste Graad wat deel is van die Blou Losie wat uit Drie Grade bestaan. Die meeste Vrymesselaars vorder nie verder as die Derde Graad ("Master Mason") nie en is onbewus dat hulle doelbewus mislei word: "The Blue Degrees are but the outer court of the Temple. Part of the symbols are displayed there to the Initiate, but he is intentionally misled by false interpretations. It is not intended that he shall understand them; but it is intended that he shall imagine he understands them. Their true explication is reserved for the Princes (30ste Graad en hoër) of Masonry." (Pike, p.819) Die wat egter wil, kan ná die Derde Graad een of beide van die Skotse of Yorkse Rites volg. Die Skotse Rite bestaan uit 29 Grade na die Blou Losie—dus die hoogste graad is die 32ste. Terwyl die hoogste in die Yorkse Rite die 13de, gelykstaande aan die 32ste Graad in die Skotse Rite is. Die 33ste Graad is ’n eregraad. Om van die een na die ander graad te vorder verg die nodige instudeer van die prosedures, vrae en antwoorde en die regte woorde. Elke graad het sy eie eed wat afgelê moet word en van die kandidaat word totale geheimhouding vereis. Natuurlik sluit dit ook die handdrukke, grepe en tekens in. Normaalweg is die eerste vraag wat aan ’n kandidaat gevra word: "waarna soek jy?" Waarop die antwoord kom: "lig." Vrymesselaars is dus ewigdurend op soek na "LIG!" Die ironie is dat namate daar hoër gevorder word, daar al dieper in die duisternis inbeweeg word. Hierin lê die opperste misleiding. Elke Vrymesselaar verwag dat die geheime in die volgende graad aan hom geopenbaar gaan word. Luister hoe

stel Albert Pike dit: "Masonry is a continual struggle toward light." (p.223) Steve Warrall-Clare, ’n voormalige hoogstegraad VM, getuig van die sinistere inlywingseremonies in die eerste grade. (JOY! Junie 1995, pp 6-11). Volgens hom sweer die kandidaat ’n eed dat sy keel afgesny en sy tong uitgeruk mag word indien hy VM geheime verklap. Tydens die inlywing in die 3de graad word Christus se sterwe en opstanding bespot en in die 33ste graad word die Nagmaal bespot en verwerp. Die Vrymesselaar leef dus in die hoop dat hy die lig sal vind, maar sak al dieper weg in die moeras van verlorenheid. Pike laat die aap uit die mou: “We worship a god, and it must be repeated to the brethren of the 32nd, 31st and 30th degrees - the MASONIC RELIGION should be maintained in the purity of LUCIFERIAN doctrine. Yes, Lucifer is god..." (JOY! Junie 1995 p.11). Die"groot argitek van die heelal” is dus Lucifer self, maar slegs die hoogste grade besef dit. Die ander word doelbewus mislei.

8. Bevryding

’n Mens wonder onwillekeurig of dit moontlik is vir iemand om uit só ’n duistere wêreld verlos te word. Die krag van die Evangelie het die bevryding gebring! Die “lig” waarna die VM so angstig soek, het al die tyd alreeds verskyn: Jesus self! (Joh 8:12). Die god van die VM – Lucifer – is alreeds buite gewerp (Joh 12:31, 16:11, 1 Joh 3:8) en hy het geen vatplek aan Christus nie (Joh 14:30). Tewens, die duisternis kan nie hierdie Lig uitdoof nie (Joh 1:5). Aan ’n VM moet die blye boodskap verkondig word dat hy op die kruis bevry is (Joh 10:11, 19:30) en dat hy dit ter harte mag neem en glo (Joh 8:51) en sekerheid van die ewige lewe besit (Joh 5:24, 6:47).

Tafelberg Nederduitse Gereformeerde Kerk © 2005 - 2012 ALLE REGTE VOORBEHOU